# UITVOERENDE BURGEMEESTER VAN KANNALAND, RAADSLID MAGDALENA BARRY, SE BEGROTINGSTOESPRAAK AAN DIE RAAD OP 30 MEI 2017

Geagte Speaker en raadslede, waarnemende munisipale bestuurder, direkteure, munisipale amptenare en verteenwoordigers van die publiek en media. Dit is my voorreg as Uitvoerende Burgemeester van Kannaland Munisipaliteit om die 2017/2018 Begroting by hierdie vergadering voor te lê.

Artikel 153 van die Grondwet bepaal dat: " 'n Munisipaliteit moet sy administrasie en sy begrotings en beplanningsprosesse so struktureer en bestuur dat voorrang verleen word aan die basiese behoeftes van die gemeenskap, en dat die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap bevorder word."

Met die begroting het ons juis gestrewe om dit te vermag met die bronne tot ons beskikking. Die begroting spreek, deur die gesamentlike wil van die munisipaliteit, die uitdagings van werkskepping, armoede verligting, oprigting van infrastruktuur en die verbetering van die ekonomie aan. Die begroting stel die raamwerk vir die implementering van die GOP en is die begroting haalbaar en volhoubaar. Dit erken die strewe om ons gemeenskappe uit te bou, die behoud van ons areas en die verbetering van die kwaliteit van lewe binne die area van Kannaland. Die primêre klem is egter op die verligting van die lot van die heel armstes en die voorsiening van basiese dienste aan deernisfamilies.

Die Bestuur binne plaaslike regering speel n belangrike rol in die verstewiging van die band tussen die inwoner en die regering se prioriteite en spanderingsplanne. Die doel is om dienslewering te verbeter om sodoende die leefwyse van alle mense binne die Kannaland regsgebied te verbeter. Begrotings is hoofsaaklik geskoei op die keuses wat die munisipaliteit moet maak tussen prioriteite, beskikbare finansiële bronne en fiskale werklikhede. Die uitdaging is om meer met die beskikbare en skaars finansiële bronne te vermag. Die fokus moet wees op die effektiewe lewering van kern munisipale dienste deur doeltreffende en effektiewe diensleweringS meganismes toe te pas.

Ons, as leiers, het die vermoë om besluite te neem en moes noodgedwonge besluite neem oor die aanwending van ons skaars hulpbronne. Almal kan nie tevrede gestel word nie en almal sal nie noodwendig met die besluite saamstem nie.

In die lig van die bestaande ekonomiese klimaat, was dit n onbenydenswaardige taak om die begroting saam te stel. Nieteenstaande hierdie faktore, is die begroting saamgestel met die oog op koste-effektiwiteit, die vermeerdering van inkomste en daarteen koste besparingsmaatreëls.

Ons sal nie die rug draai op ons uitdagings nie. Ons sal die uitdagings heldhaftig en met hoop tegemoet gaan. Deur die aanwending van al ons beskikbare hulpbronne, sal ons meer vermag met minder.

Ons moet die foute van die verlede erken en moet korrektiewe optredes in plek stel om n gesonde finansiële basis vir die toekoms te skep. Ek is daarvan oortuig dat Kannaland Munisipaliteit ferm oppad is om ons strewes te bereik. Ons het binne n kort tydperk meer as die helfte van ons R 60 miljoen skuldlas betaal, en dit kan net lei tot n gesonde finansiële posisie

Die Begroting is aan die hand van riglyne van Nasionale Tesourie se omsendskrywes asook die Munsipale Begroting en Verslagdoening Regulasies en met inagneming van die skaars hulpbronne saamgestel. Artikel 152(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika bepaal dat "'n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik."

Kannaland munisipaliteit het n "disclaimer" ouditmening vir die 2015/2016 finansiële jaar ontvang. Dit is ons strewe om aan die nasionale oproep tot skoon oudits te voldoen.

**Medium Termyn Inkomste Raamwerk Begroting vir 2017/2018 tot 2019/2020**

Agbare Speaker, ons het onderneem om uitvoering aan die riglyne vir die hervorming van ons Begroting te gee en om dienslewering te versnel deur ons kapitaalprojekte te voltooi sodat ons gemeenskap dienslewering kan sien en ervaar.

In die 2017/2018 finansiële jaar, wat n aanvang neem op 1 Julie, sal ons dadelik begin met die implementering van kapitaalprojekte, ten einde te verseker dat die begroting op n ekonomiese, effektiewe en doeltreffende wyse spandeer word. Dit word gedoen sodat infrastruktuurontwikkeling kan plaasvind en effektiewe dienslewering verseker kan word. Vordering sal maandeliks gemonitor word, ten einde te verseker dat dienslewering op n volhoubare grondslag plaasvind.

**Begroting Konsultering**

Die deelname proses van die gemeenskap aan die begrotingsproses was insiggewend aangesien dit duidelik aangetoon het dat die gemeenskap begrip het vir die munisipaliteit se uitdagings en prestasies. Gedurende die vergaderings het die gemeenskap openhartig deelgneem aan Begroting gesprekke en insette gelwer. Die opstel van die GOP en Begroting het inderdaad met omvattende publieke insette gepaard gegaan en dié begroting is vir die mense deur die mense.

**Begrotingsoorsig**

Agbare Speaker, ons kapitaalbegrotingspandering spreek die visie van die munisipaliteit aan en staan op n totaal van R30, 8 miljoen, insluitende addisionele versoeke wat gedurende die publieke deelname proses ontvang is. Die operasionele begroting se uitgawes beloop R129, 6 miljoen en die totale begrote uitgawes beloop (kapitaal en operasioneel) R164, 78 miljoen vir die 2017/2018 finansiële jaar. Die

bedrag sal vermeerder tot R221.68 miljoen en R 254.38 miljoen, respektiewelik, vir die laaste twee jaar van die Mediumtermyn Inkomste en Uitgawes Raamwerk.

**Munisipale verhogings**

Dit is noodsaaklik om die finansiële volhoubaarheid en lewensvatbaarheid van die Raad te verseker en daar is dus met die bepaling van die tariewe ook van hierdie beginsels gebruik gemaak. Dit word as doelwit gestel om te verseker dat die handels- en ekonomiese dienste van die Raad, elk onafhanklik en volhoubaar bedryf kan word.

Die gemiddelde persentasie tariefverhogings vir die hoof bronne van inkomste uit verbruikers- dienste is soos volg:

•Eiendomsbelasting 8%

•Elektrisiteit 1.88%

•Water 8%

•Riool 8%

•Vaste afval 8%

**Kapitaalbegroting Uitgawes**

Die Kapitaalbegroting is 'n uitvloeisel van die GOP en bevat inligting verkry vanaf die onderskeie gemeenskappe deur middel van openbare vergaderings en wykskomitee prosesse. Die voorgestelde kapitaalbegroting toon geen intern gefinansierde kapitaal projekte nie. Kannaland is aangewese op skenkings fondse om ons kapitaalberoting uitgawes te befonds.

Die volgende is sommige van die meer pertinente kapitaal projekte wat oor die mediumtermyn aangepak sal word:

- Rehabilitasie van sportgronde (Bergsig, Calitzdorp ) – R3.4 miljoen
- Vaste afval oorlaai stasie ( Calitzdorp ) – R 2 miljoen
- Water netwerk ( Zoar ) – R 5, 4 miljoen
- Nuwe begraafplaas ( Calitzdorp ) – R 1 miljoen
- Elektrisiteits opgraderings ( alle areas ) – R 39 miljoen
- Ladismith waternetwerk – R 5 miljoen
- Ladismith begraafplaas opgradering – R 1 miljoen
- Ladismith informele nedersettings opgradering – R 1, 2 miljoen
- Ladismith taxi roete ophgradering – R 3 miljoen
- Ladismith nuwe dam – R 88 miljoen
- Ladismith afval waterwerke – R 62 miljoen

**Geintegreerde Ontwikkelingsplan**

Die nuwe Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir die volgende 5 jaar word ook vandag voorgelê vir goedkeuring. Ons is trots op ons nuwe plan wat 'n verskeidenheid van sake aanraak soos bv. die ekonomiese toestand van die gemeenskap in Kannaland, ons finansiële toedrag van sake en dan ook van kardinale belang is ons projekte wat beplan word vir die volgende 5 jaar. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan het 'n volledige projekte register wat beide projekte wat reeds befondsing het en projekte wat nog befondsing kort aandui. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en begroting loop hand aan hand met mekaar en koppeling met mekaar word aangedui in die begrotings dokument. Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en begroting probeer om die dienslewering agterstande te adresseer wat prioriteit moet geniet oor die volgende vyf jaar. Die munisipaliteit se strategiese doelwitte en nasionale prioriteite word ook uitgelê in hierdie dokument.

Ek is van mening dat die Begroting en GOP wat ons opgestel het reflekteer die belange van goeie regering, die munisipaliteit, en ons breër gemeenskap

Ek bedank die waarnemende munisipale bestuurder en sy span vir hulle puik werk om die begroting te voltooi en te laat klop. Baie dankie aan die raadslede vir julle insette en harde werk. Dit was nie maklik om die begroting op te stel nie en die proses het uitsonderlike kundigheid, harde werk en toewyding geverg. Dit het vereis dat daar nuut en inoverend gedink moes word.

Ek dank ons Hemelse Vader vir Sy rigtingwysing en omdat niks sonder Hom bereik kon word nie.

Speaker, ek lê nou die begroting voor vir aanvaarding deur die Raad.

**Raadslid Magdalena Barry**

**Uitvoerende Burgemeester**